# Sy Gees In Jou










**2020-05-31**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

# INLEIDING

- Ons vier vandag die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster Sondag.
- Ons praat vandag van God se Gees in jou.
- Het jy Sy Gees in jou?  Die Gees van Christus?

Come Holy Spirit



Welkom Heilige Gees



Trooster
Helper
Krag
Lewe
Liefde
Bonatuurlik
Leer

# Skrifgedeeltes

- Lukas 9:51-56
- Rom 8:9
- Joh 20:22
- Hand 1:14
- Hand 1:8
- 2Tim 1:7
- Rom 8:14
- Joh 7:38 -39





**Die Samaritane wys Jesus af**

- Luk 9:51 En toe die dae van sy opneming nader kom, het Hy sy aangesig gerig om na Jerusalem te reis,
- Luk 9:52 en boodskappers voor Hom uit gestuur; en hulle het vertrek en in ‘n dorp van die Samaritane gekom om vir Hom klarigheid te maak.
- Luk 9:53 En hulle het Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem op reis was.
- Luk 9:54 En toe sy dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het?
- Luk 9:55 Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: **Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie;**
- Luk 9:56 want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na ‘n ander dorp vertrek.



# Watter soort gees is in jou?

- Jesus spreek sy dissipels aan.
- Wat sou Jesus vir my en jou sê?
- Ons kan so maklik dat 'n verkeerde gees en gesindheid van ons besit neem.
- Die dissipels soek wraak.
- Watter deure maak jy oop?



Luk 9:55 Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige **gees** julle is nie;

# Hoe Lyk Die Gees Van Christus?



- Wees lief vir jou vyande.
- Hy het gekom om te red van die oordeel vir sonde. Nie te verderf nie.
- Ons behoort Christus se Gees in ons te kry.
- Jesus se Gees is kragtig!

Luk 9:56 want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te **red**.

Rom 8:9 julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar **as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie**.

# Hoe Kry Jy Sy Gees In Jou?

- Aanhoor en aanvaarding van die Evangelie van Jesus Christus.
- Deur wedergeboorte en aanneming van Jesus Christus as jou verlosser
- Sy Gees kom woon in jou. Die "Asem van God"

Joh 20:22 En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: **Ontvang die Heilige Gees**.



- Weergeboorte van die dissipels – Hulle glo in Jesus en dat Hy opgestaan het.
- Hy verander jou gees. Hy maak jou 'n nuwe mens.

# Doping In Die Heilige Gees?

- Doping in die Heilige Gees.  Volle belofte
- Teken spreke in tale. (Hand 2)
- Manifestasie. Gawes.
- Gee oor.
- Onverdeelde harte



Hand 1:14  Hulle almal het **eendragtig volhard** in gebed en **smeking**,

Hand 1:8  maar julle sal **krag** ontvang wanneer die **Heilige Gees** oor julle kom, en julle sal my **getuies** wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

**2Kron 16:9**  want die HERE—sy oë deurloop die hele aarde om diegene **kragtig te steun** wie se **hart onverdeeld op Hom gerig is**

# Watter Soort Gees Gee Hy Vir Ons?

2Tim 1:7  Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van **krag** en **liefde** en **selfbeheersing**.

- Dit is klaar binne jou!  Jy het dit.
- Jy kan beweeg in die Heilige Gees se krag.
- Is jy gevul met liefde?
- Hoe lyk jou selfbeheersing?



# Afsluiting

- Jy gaan nie deur hierdie tyd kom sonder die Heilige Gees nie.
- Jy het Sy krag en leiding baie nodig.
- Jy het stromende lewende waters nodig.
- Jy moet dors wees.
- Wag op die Here.



Rom 8:14 Want almal wat deur die **Gees** van God **gelei** word, dié is kinders van God.

**Jes 40:31** maar die wat op die HERE **wag**, kry nuwe **krag**; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.

Joh 7:38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: **strome van lewende water** sal uit sy binneste vloei.
Joh 7:39 En dit het Hy gesê van die **Gees** wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

# Come Holy Spirit



# Welkom Heilige Gees



Trooster
Helper
Krag
Lewe
Liefde
Bonatuurlik
Leer

# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/13569778660 7125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: +27 66 486 5453

**Bronne:** Die Bybel; " Watter soort gees is in jou?" Reeks deur Past Ronnie Barnard (2011); Matthew Henry; Living Bible; Amplified Bible